NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

Saterdag 11 April 2015

PERSVRYSTELLING OOR DIE VANDALISERING VAN DIE BEELD VAN DR ANDREW MURRAY

Die vandalisering van die beeld van dr Andrew Murray voor die kerkgebou van die NG Kerk Wellington word met diep hartseer veroordeel. Ons het nie woorde om ons afkeur uit te spreek nie.

Dr Andrew Murray is 'n geestelike vader vir die NG Kerk, en ook talle kerke in Suid-Afrika, Afrika en die res van die wêreld . Hy het 'n positiewe en vredeliewende invloed op die lewe van miljoene mense. Hy het ons geleer om die diepste hartklop van die evangelie deel van ons geloofslewe te maak.

Die Moderatuur van die Algemene Sinode is diep bekommerd oor die groeiende rassisme, die uitrafel van sosiale kohesie en die toenemende polarisasie in ons land. Ons is oortuig die saak moet eerder op 'n vreedsame manier by wyse van gesprek binne die raamwerk van ons grondwet hanteer word.

Ons roep ons gemeentes en lidmate op tot vergifnis, verootmoediging en gebed vir ons land.

Prof Nelus Niemandt (Voorsitter) en dr Kobus Gerber (Algemene Sekretaris)